EFFINGHAM SEKONDÊRE SKOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

KWARTAAL 3: ASSESSERINGSTAKE: PROJEK

GRAAD 8

LETTERKUNDE GENRE: DRAMA

Inleidingsles 1:

Bespreek die elemente van `n drama en soek hierdie elemente in die drama wat jy gaan bestudeer - *Jess se verjaarsdag* uit ASG gr8 bl. 216

- Wat is `n drama?
- Wat noem ons die mense wat in die drama is?
- Wie speel rolle in die drama?
- Wat noem ons die plek waar die drama afspeel?
- Hoe word die toneel beskryf?
- Hoe word die karakters se name geskryf?
- Wat noem ons die woorde wat die karakters sê?
- Hoe word die karakters aan ons voorgestel?
- Wat is die rol van die verteller in die drama?
- Wat is die eerste deel genoem, waarin ons van die karakters, toneel, en die storielyn leer?
- Wat noem ons die probleem tussen die twee karakters, waarin hulle nie saamstem nie?
- Wat is die hoogtepunt van die drama?
- Wat is die sentrale idee of tema in die drama?

Les 2: Lees die drama *Jess se verjaarsdag* en beantwoord die vrae wat daarop gestel is in jou Klaswerkboeke. ASG bl. 217

Les 3: Taak 6: Navorsingstaak

Doen navorsing oor die volgende onderwerp en skryf dit netjies uit op ’n dubbelbladsy. Beplan om die navorsing op ’n kreatiewe manier aan te bied. Gebruik prente, diagramme, tekeninge of plakkate in jou projek.

Wat is die elemente en kenmerke van ’n drama? Bewys hierdie kenmerke en elemente in die drama *Jess se verjaarsdag*.

TOTAALPUNT: 20

Rubriek vir Navorsingsprojek

NAVORSINGSRUBRIEK

Kriteria	5	4	3	2	1
Taalgebruik	Leerder bewys uitstekende gebruik van woordeskat. Puik sinsbou, taalgebruik. Spelling en punktuasie oorheersend korrek.	Leerder bewys 'n uitgebreide woordeskat, Meestal korrekte sinsbou, taalgebruik, spelling en puktuasie.	Leerder bewys 'n gemiddelde woordeskat, Bevredigende sinsbou, taalgebruik, spelling en puktuasie.	Leerder bewys beperkte gebruik van woordeskat. Algemene korrekte sinsbou, taalgebruik, spelling en puktuasie.	Leerder bewys gebrekkige gebruik van woordeskat, sinsbou, taalgebruik en spelling en puktuasie.
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Verkryging en toegang tot inligting. Bewys van 'n bibliografie	Leerder is in staat om onafhanklik verskillende tipes van media te gebruik om inligting te verkry. Daar is 'n bewys van 'n bibliografie.	In staat om inligting onafhanklik te verkry. Gebruik verskillende tipes van media. Daar is 'n bewys van 'n bibliografie.	In staat om meestal inligting onafhanklik te verkry. Daar is 'n bewys van 'n bibliografie.	Leerder is slegs in staat om 'n beperkte hoeveelheid van inligting te verkry. Daar is 'n bewys van 'n bibliografie.	Leerder is nie in staat om toegang onafhanklik te verkry nie. . Daar is gedeeltelik/geen bewys van 'n bibliografie.
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Akkuraatheid en relevansie van gekose inligting	Leerder is in staat om op 'n hoë vlak relevante inligting te selekteer.	Leerder is in staat om relevante inligting goed te selekteer.	Leerder is in staat om relevante inligting bevredigend te selekteer.	Leerder is in staat om inligting bevredigend te selekteer.	Inligting is onakkuraat en irrelevant.
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Organisering van inligting en die ontwikkeling van 'n argument	Leerder is in staat om op 'n hoë vlak sintese van inligting te maak, dit te integreer en opsommend saam te voeg wat lei tot die logiese ontwikkeling van 'n beredenerende argument.	Leerder is in staat om op 'n redelike vlak sintese van inligting te maak, dit te integreer en opsommend saam te voeg wat lei tot die logiese ontwikkeling van 'n argument.	Leerder is in staat om sintese van inligting te maak, dit te integreer en opsommend saam te voeg wat lei tot die logiese ontwikkeling van 'n argument.	Leerder is in staat om 'n produk daar te stel wat gedeeltelike bewyse toon van sintese van inligting, maar dit is nie deurgaans logies en samehangend nie. Die argument is nie altyd beredeneerd nie.	Leerder is nie in staat om enige inligting daar te stel nie. Die produk is onsamehangend, onlogies en gebrekkige bewyse van 'n beredenerende argument.
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Aanbied van bevindinge	Leerder is in staat om bevindinge duidelik, gestruktureerd en bondig aan te bied deur 'n verskeidenheid van toepaslike aanbiedingstyle.	Leerder is in staat om bevindinge duidelik, redelik gestruktureerd en bondig aan te bied deur toepaslike aanbiedingstyle.	Leerder is in staat om bevindinge redelik gestruktureerd aan te bied deur aanbiedingstyle.	Leerder is in staat om die bevindinge aan te bied. Struktuur en duidelikheid ontbreek.	Leerder is nie in staat om die bevindinge op 'n logiese, gestruktureerde manier aan te bied nie.
					TOTAAL: _____ / 25 x 4 = 100 ÷ 5 = _____ / 20
Kommentaar: **Opvoeder:**				**Datum:**	